# OBBE PHILIPSZ.

## *'n Nederlandse wederdoper uit die Sestiende Eeu.*

'n Nederlandse kerkhistorikus het die negentiende eeu beskryf as „geen stille eeuw, maar één lange onafgebroken periode van Sturm und Drang." Dit was „eene eeuw van strijd en van moeite en van bange worsteling, vol vragen, die niet beantwoord zijn, aan haar opvolgster nalatende als een huiveringswekkende erfenis, een opgehoopte schat van zorgen die ons angstig maken en benauwd." Sy boek oor die geskiedenis van die christendom in daardie eeu het hy dan ook die veelseggende naam van *Eene Eeuw van Worsteling* gegee.[1])

Mens sou die sestiende eeu met dieselfde naam kan noem. Ook daar was dit worsteling op worsteling, op alle terreine van die lewe, en nie die minste op godsdienstige gebied nie. Dit was die eeu van die kerkhervorming waarin die geestelike kragsontplooiing so magtig was, dat 'n nuwe lewe deurgebreek het, waardeur die Christelike Kerk heroë as Luther, Swingli en Calvyn voortgebring het, die eeu van Willem van Oranje e.a. Maar soos dit by alle geweldige geestelike worstelinge die geval is, was daar ook baie mense wat in die worstelings hul geestelike ewewig verloor het. Daar was mense wat die middeleeuse geestesvorme losgelaat het sonder dat hulle die nuwe wat onder leiding van die groot Reformatore tot stand gekom het, tenvolle aanvaar het. Daardeur het hulle in 'n verwarde doolhof geraak wat baie van hulle tot 'n volslae geestelike ondergang gevoer het. Hulle wou die koninkryk Gods ten volle op aarde verwesenlik, maar tot hul bittere teleurstelling moes hulle ondervind dat daardie koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Hierdie eienaardige stroming in die groot hervormingsbeweging van die sestiende eeu staan bekend onder die naam anabaptisme. Dit het uiteenlopende rigtings omvat.

By al die uiteenlopende koerse wat daar onder hulle ook was, en by al die verskillende opvattings het hulle egter een gemeenskaplike strewe gehad, naamlik om te wees „eene onbestraffelijcke gemeynte. die daar is sonder rumpel ende sonder vlecke." Dit was deur hierdie strewe dat die kinderdoop verwerp is. Die gedoopte moes 'n geheiligde wees 'n wedergeborene, iemand wat „onbestraffelijck" moes wees. Dit

[1]) Dr. S. D. van Veen: Eene Eeuw van Worsteling (1904) bls. 3 en 4.

het vanself 'n afsydigheid teenoor die wêreld meegebring, want die opvatting was dat die wêreld in die bose lê. Dit sal 'n moeite lonende studie wees om die leerstellige ooreenkoms en die verskille tussen die hedendaagse Wederdopers en die ou sestiende eeuse Anabaptiste na te gaan. Trouens by die bestryding van die hedendaagse Wederdopers word gewoonlik op 'n eensydige wyse alleen op hul verwerping van die kinderdoop die aandag gevestig, sonder om te vra wat hul beskouings oor die avondmaal, die goddelike en menslike nature van die Middelaar, die Skrif, die middelike en onmiddelike openbaring is; die verhouding teenoor die wêreldlike owerheid, die eed, die dra van wapens, die duisendjarige ryk. Dit was almal leerstellige geskilpunte wat daar tussen die ou Anabaptiste en die Hervormers was.

Die sestiende eeuse Wederdopers of Anabaptiste kan in twee groepe onderskei word wat elkeen weer in verskillende vertakkings onderverdeel was, naamlik die stille weerloses en die fanatieke oproerige rewolusionêres, wat geweld wou gebruik om die koninkryk Gods op aarde te vestig. Die vestiger van hierdie wederdoperdom in Nederland was Melchior Hoffman. Altwee genoemde groepe, die weerloses sowel as die oproeriges, was onder sy volgelinge te vinde, hoewel hy self 'n afkeer van alle geweld gehad het. Ons moet oor hom eers 'n paar woorde sê.

Melchior Hoffman [2]) is teen die einde van die vyftiende eeu in Swabe, Duitsland, gebore. Op sy veelvuldige reise het hy in Lyfland met die Hervormde prediking in aanraking gekom, en in 1523 het hy as verbreider van die leer van Luther opgetree. In 1525 was hy in Wittenberg en het hy van Luther 'n getuigskrif gekry. Hy het egter langsamerhand verskillende afwykende gevoelens ontwikkel, waardeur hy met sy prediking op verskillende plekke met die Lutherane in botsing geraak het en meermale moes vlug. Sy avondmaalsopvatting was Swingliaans. Die avondmaal was vir hom enkel en alleen 'n herinneringsmaaltyd waarby Christus dan ook nie liggaamlik aanwesig was nie, soos Luther geleer het. Sy leer oor die menswording van Christus was van die aard, dat die waaragtige mensheid van die Middelaar feitlik daardeur losgelaat is. Net soos, volgens die bewering van Plinius, 'n pêrel sou ontstaan deurdat 'n doudruppel in 'n oesterskulp val en dan hard word sonder dat dit enige bestanddeel van die skulp aanneem, net so het die Seun van God deur die Heilige Gees in Maria

---

[2]) Oor Melchior Hoffman is baie geskryf, maar 'n standaard biografie van hom ontbreek nog, want die verhandeling wat W. J. Leendertz in 1883 oor hom in die uitgawes van Teylers Godgeleerd Genootschap uitgegee het, is verouder. Die Biographisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland, vierde deel (1931) bls. 121—134, bevat 'n goeie artikel oor hom. In die Bibliotheca Reformatoria Neerlandica vyfde deel (1909), is 'n paar van sy geskrifte herdruk.

vlees geword, sonder dat Hy iets van Maria aangeneem het.[3]) Hy het ook 'n eienaardige opvatting oor die wêreldlike owerheid gehuldig, terwyl hy die eedswering verwerp het. Die Bybel was vir hom 'n versameling van woorde en verhale wat 'n sinnebeeldige betekenis het, waarmee die tyd waarin hyself geleef het, beskryf word. Hy het allerhande mistieke en fantastiese denkbeelde gehad en hom verbeel dat hy besondere inwendige onmiddelike en bowenatuurlike openbarings ontvang het, waardeur hy hom aan allerhande spirituele voorspellings gewaag het. Maar van hierdie voorspellings het egter niks uitgekom nie. Ook het hy gereken dat die wederkoms van Christus aanstaande was, wanneer die Duisendjarige ryk sou aanbreek. Hy het die kerkgeskiedenis in drie tydperke onderskei: eerstens, die tyd van die Apostels tot aan die opkoms van die pouslike mag, tweedens, die tyd van die onbeperkte pouslike mag, en derdens, die tyd van die Hervorming. In hierdie laaste tydperk het die volle goddelike openbaring deurgebreek. Daar sou twee getroue getuies wees om die wederkoms van Christus voor te berei.

Hierdie rustelose man het verskillende swerftogte gedoen om sy fantastiese beskouings te verbrei. Hy het verskillende aanhangers gekry, ook in Nederland. In Emden, die hoofstad van die graafskap Oosfriesland, het 'n ou man hom voorspel dat hy in Straatsburg ses maande in die gevangenis sou sit en daarna sou vry kom en dan met behulp van sy volgelinge oor die hele wêreld sy prediking sou voortsit. Hy het Jan Trypmaker toe aangestel om te preek en te doop en het self haastiglik na Straatsburg gegaan. Toe Melchior Hoffman spoedig na sy aankoms daar ook werklik gevang is, het hy hom baie daaroor verheug, want hy het daarin die bewys gesien dat die voorspelling van die ou man uit Emden sou uitkom. Hy het toe 'n mes gevat en sy kouse, wat volgens die klederdrag van daardie dae met sy broek een geheel gevorm het, bokant die enkels afgesny, sy hoed en sy skoene weggegooi en daarna sy hand met opgestoke vingers na die hemel opgehef en by die lewende God gesweer dat hy geen ander spys en drank sou gebruik nie as brood en water, totdat die dag van sy bevryding sou aanbreek, en daarop is hy toe vol vreugde die gevangenis in.

Jan Trypmaker moes intussen uit Emden vlug en het na Amsterdam gegaan en het daar en op ander plekke gepreek en gedoop, maar hy is al gou deur die owerheid gevang en gedood. En wat nou? Melchior Hoffman was gevang, Trypmaker was dood en daar was niemand wat dit wou waag om die werk voort te sit nie. Maar toe het daar in Straatsburg skielik 'n nuwe „profeet" opgestaan en ook twee profetesse wat allerhande drome en gesigte gehad het en wat met

---

3) Menno Simons, een van die grondvesters van die Doopsgesindes in Nederland, het hierdie beskouing oorgeneem. Hy het geleer dat Christus „niet van Maria, maar in Maria mensche ofte vleesch geworden is." Opera (ed. 1681) bls. 528 a.

nuwe voorspellings voor die dag gekom het. Melchior Hoffman was volgens hulle die ware Elia wat voor die wederkoms van Christus sou opstaan, en 'n sekere Cornelis Polterman was Henoch, en Straatsburg die nuwe Jerusalem. Wanneer Hoffman volgens die voorspelling van die ou man uit Emden na 'n halfjaar weer op vrye voet sou wees, dan sou hy volgens Openbaringe 7 vers 4 en 14 vers 1 met 144,000 ware predikers en apostels en sendbodes van God met sulke kragte, tekens en wondere uit Straatsburg gaan dat niemand hulle sou kon weerstaan nie. Elia (Hoffmann) en Henoch (Polterman) sou as twee fakkels op die aarde staan en niemand sou hulle kon skade doen nie, en as iemand dit sou wou waag om 'n hand teen hulle uit te steek, sou daar vuur uit hulle monde gaan en hulle vyande verteer. Hoffman self het uit die gevangenis met 'n verwysing na Haggai 1 vers 2 en Esra 4 vers 24 laat weet dat die doop gedurende twee jaar nie bedien moes word nie. Al hierdie voorspellings het die aanhangers van Hoffman weer hoop gegee.

* * *

In die stad Leeuwarden het Obbe Philipsz gewoon. Hy was 'n vroom man en sy hart het na God gesmag. Hy was as 'n troue kind van die Roomse kerk opgevoed — sy vader was priester — maar vrede vir sy siel het hy nie daar gekry nie. Hy en sy kring het dan ook met die Pousdom gebreek, omdat dit vir hom „een Sodema, Babijlon, Egipten ende een gruwel der verwoestinge, een Antichrist werck ofte dienst" was.[4]) Hulle het hul uit die offisiële kerklike lewe teruggetrek en gesoek hoe iedereen sy God kan vrees en dien sonder leraar of uitwendige vergadering, dus sonder om aan die Roomse kerk te behoort. Die voorspellings oor Hoffman se glorievolle uittog met die 144,000 apostels het indruk op hulle gemaak. Soos Obbe dit in sy Bekentenisse skryf, het daardie verhale, visioene, drome en openbarings hulle vreugde en hoop gegee. Hulle was sonder argwaan en het dit vir waar aangeneem.

Intussen het daar in Haarlem weer 'n nuwe „profeet" opgestaan. Dit was Jan Matthysz, 'n bakker van beroep en 'n man sonder enige ontwikkeling, 'n volksmenner wat gevaarlik was deur sy dwepery. Hierdie nuwe „profeet" het met nuwe voorspellings voor die dag gekom en beweer dat *hy* Henoch was. Die verblinde Wederdopers wat

---

[4]) Bekentenisse Obbe Philipsz bls. 122. Obbe het in die jaar 1540 die Wederdopers verlaat, want hy was bitter teleurgestel toe van al daardie voorspellings niks uitgekom het nie. Hy het toe tot die oortuiging geraak dat die amp om te preek en te doop wat hy op hom geneem het, nie uit God was nie. Onder bitter berou het hy tot waarskuwing van anderes sy „Bekentenisse" geskryf. Dit is in 1910 in deel sewe, bls. 121—138, van die Bibliotheca Reformatoria Neerlandica herdruk. Die meeste gegewens van hierdie artikel is aan daardie Bekentenisse ontleen.

sonder leiding was, het hom geglo en heeltemal vergeet dat Cornelis Polterman volgens vroeëre voorspellings die eintlike Henoch was. Jan Matthysz het apostels twee aan twee uitgestuur om te preek en te doop, nieteenstaande die opdrag van Melchior Hoffman dat daar gedurende twee jaar nie gedoop moes word nie. Twee van die apostels, Bartholomeus Boeckbinder (of Van Halle) en Dirk Kuiper het na Leeuwarden gegaan waar hulle in vlammende taal gepreek het en van die nuwe visioene en voorspellings vertel het. Hulle het die mense vertroos, en gesê dat niemand meer vir die vervolgings en verdrukkings bang hoef te wees nie, want dit was nou alles verby. Daar sou nou geen bloed van christene meer vergiet word nie. Ja, God sou binnekort al die vervolgers en verdrukkers van die aarde uitroei. Diegene wat hulle woord nie aangeneem het nie, het volgens hulle die Heilige Gees weerstaan soos Jannes en Jambres toe hulle Moses en Aäron weerstaan het.

Obbe en die meeste uit sy kring is nog op dieselfde dag deur die nuwe apostels gedoop en die volgende dag het hulle hom en Hans Scheerder die hande opgelê en as apostels georden met die opdrag om self ook te doop en te leer. Obbe het later in sy Bekentenisse geskryf dat hy hul hande wel op hom gevoel het en hul stemme gehoor het, maar hy het die Heilige Gees nie gevoel of gehoor nie. Hieruit sou mens kon opmaak dat hy hom slegs skoorvoetend aan hulle oorgegee het. Hy was van 'n vroom gemoed maar het in sy soeke na God nugter en ewewigtig gebly. Sy broer Dirk is agt dae later ook gedoop.

Obbe en Hans Scheerder het al gou saam weggegaan om in die omtrek te preek. Die owerheid het op verskillende plekke in die land kras begin optree en die hitte van die vervolging het toegeneem. Verskillende van die apostels van Jan Matthysz is gevang en saam met ander Wederdopers na Haarlem gestuur, waar hulle in die vuur en op die pynbank gemartel is en daarna onthoof is. Obbe het toe na Haarlem gegaan om na die lyke te gaan kyk. Hy wou sien of hy die liggame van die apostels wat hom in Leeuwarden gedoop het en wat aan hulle gesê dat daar nie meer bloed vergiet sou word nie, daaronder kon herken. Mens kan voorstel met watter bewoë gemoed hy daar na die verminkte lyke en afgekapte koppe gestaan en kyk het. Daardie apostels wat verkondig het dat daar geen bloed meer sou vloei nie, wat het van al hul voorspellings uitgekom! *Hul* bloed was die eerste wat vergiet is! Alles wat hulle van die wêreld van die tiranne en van die goddelose voorspel het, het op hulle self neergekom. Hulle is die eerste dood gemaak. Obbe het later in sy Bekentenisse gesê dat niemand sy droefheid kon uitspreek nie: in die wêreld word hulle verdruk en vervolg, en deur hulle eie mense is hulle diep teleurgestel en bedroë.

Daar het toe weer nuwe apostels na vore gekom wat ook deur

Jan Matthysz georden en uitgestuur was. Obbe het veel met hulle gepraat. Hulle het met allerhande nuwe leringe en met nuwe voorspellings gekom, maar onderling het hulle tog nog weer met mekaar verskil. Hierin het hulle egter saamgestem dat die Duisendjarige ryk aanstaande was. Hulle het 'n uittog na die stad Munster, in Wesfale, georganiseer en van hulle nuwe openbarings en gesigte vertel en nuwe voorspellings gemaak. Munster was nou die nuwe Jerusalem en nie meer Straatsburg nie. Hulle het Melchior Hoffman met sy profete en profetesse en sy 144.000 apostels en sy „Helieampt" (Elia-amp) vergeet! Melchior het al die tyd in die gevangenis gesit en al die voorspellings en waarseggerye het hom te skande gemaak. Sy dure eed moes hy verbreek, want sy liggaam was uiteindelik so swak, dat hy nie meer op brood en water kon leef nie. Sy gevangeskap het nie net 'n halfjaar geduur, soos voorspel is nie, maar vir jare, tot aan sy dood in die jaar 1543. Jan Matthysz was nou Henoch, Munster nou die nuwe Jerusalem!

Hoe was Obbe by die aanskouing van al hierdie dinge nie te moede nie, soos hy versug! Hy was diep bedroë. Maar, sê hy, God weet hoe hy en sy broer Dirk altyd teen hierdie soort dinge gewaarsku het. God weet hoe baie keer hulle tot die dood toe bedroef was. Die hele wêreld het hulle met vuur, water en die swaard vervolg; hulle was deur al die voorspellings bedrieg en die mense wat wel daaraan geglo het, het gesweer om hulle dood te maak omdat hulle daar so teen gewaarsku het.

Tog het Obbe hom uit liefde nie van daardie misleide mense afgeskei nie. Inteendeel, hy het probeer om hulle in 'n ander rigting te lei, weg van die Munsterse beweging wat na die swaard gegryp het en met geweld die koninkryk Gods op aarde wou vestig. Daar was baie Wederdopers wat van die oproerige stroming 'n afkeer had.[5]) Obbe wou hulle dan ook op die vreedsame pad lei en het self drie ander persone tot die amp van leraar georden, om daardie fanatieke oproerige beweging te help beteuel. Hulle was sy broer Dirk, Menno Simons 'n gewese Roomse priester, en David Joris. Die laaste persoon, David Joris, het hom later as 'n volslae bedrieger ontpop, 'n raadselagtige

---

[5]) Onder die ou Wederdopers of Anabaptiste was daar 'n rustige stille en vreedsame stroming en ook 'n oproerige revolusionêre stroming wat op die Munsterse beweging met al sy gruwele uitgeloop het en daarna deur Dawid Joris en Jan van Batenburg voortgesit is, en waarteen die owerheid moes ingryp, omdat dit staatsgevaarlik was. Die owerheid kon egter nie tussen die vreedsame stroming wat die oudste was en die nuwe revolusionêre stroming onderskei nie, en het selfs dikwells die Hervormdes met die Munsterse oproerlinge verwar. Daarom het Guido de Bray in 1561 die Nederlandse Geloofsbelydenis as verweerskrif uitgegee om die owerheid duidelik te maak dat hulle geen revolusionêre Anabaptiste was nie.

Die twee verskillende stromings onder die Wederdopers is goed geteken deur Dr. W. J. Kühler: De Nederlandsche Anabaptistische en de Revolutionnaire Woelingen der zestiende Eeuw. Doopsgezinde Bydragen, 56e jaargang, 1919, bls. 124—212.

berugte karakter waar die geskiedenis magteloos is om 'n verklaring van te gee.

Obbe het hom hoe langer hoe meer teleurgesteld gevoel. Ten slotte het dit vir hom duidelik geword dat hy op sand gebou het. Sy eie ordening was onwettig, want hy had geen sending van God nie. Hy het daarmee sy hand uitgesteek na iets heiligs waar hy geen reg op had nie. Toe hy hom van die Wederdopers afgeskei het, het hy eers Dirk en Menno ernstiglik gewaarsku en daarop gewys dat hulle net soos hy geen reg op die amp had nie. Van die bedrieglike David Joris swyg hy. Dit het hom bitter leed gedoen dat hy daardie drie persone die hande opgelê het. Solank as wat hy leef, sê hy, sal hy dit voor God en sy medemense bely. Hy het sy skuld voor God nie alleen in die verborgene bely nie ,maar ook in Bekentenisse wat hy op skrif gestel het. Maar hy het God ook gedank dat Hy so barmhartig en genadig was om sy oë oop te maak; dat Hy sy siel deemoedig gemaak het, sy hart verander het, sy gees en verslae gemoed en sy siel in besit geneem het en hom 'n erkentenis van sonde gegee het. Hy sê dat sy siel nog bedroef is as hy daaraan dink hoe die broeders op verskillende plekke na die wapens gegryp het en in oproer verval het, waardeur daar so baie bloed vergiet is. Met smart het hy daaraan gedink hoe hulle deur al hul voorspellings, drome en openbarings mislei is; hoe geestelik hovaardig hulle was, want as iemand die eendag gedoop is, dan het hy die volgende dag uitgeroep dat al die goddeloses verdelg sou word. Dan was so iemand 'n vroom christen en het ander mense gelaster, en gereken dat alleen hy en sy medebroeders goed was.

Obbe het verder gewys op al die getwis en tweedrag wat onder hulle was, op hulle disputasies en argumentasies oor die sinnebeeldige betekenis van die onderdele van die tabernakel van Moses, oor die gesplete klou („ghespoude clauwe") d.w.s. die dubbele betekenis van die Skrifwoorde, die harnas van Dawid d.i. die reg om die koninkryk Gods op aarde met geweld te vestig, die Duisendjarige Ryk, die menswording van Christus, die doop, die geloof, die nagmaal, die beloofde Dawid ,nl. wie van hulle die Dawid was, die dubbele eg, die vrye wil, die predestinasie, die doodsonde, die ban; hy het gewys hoe hulle onderling mekaar verdoem, belaster, skeld, verketter, mekaar se eer roof, en van mekaar agterklap.

Hy sê dan ook dat dit nie 'n christelike gemeente is nie, maar 'n woeste gruwel; geen tempel Gods nie, maar 'n moordenaarspelonk, vol haat, nyd, afguns, geestelike hovaardigheid, geveinsdheid, huigelary, veragting, smaad, sonder om aan iemand wat van 'n ander oortuiging is, weldadigheid te bewys nie.

Obbe sê uitdruklik dat dit te veel en te verdrietlik sou wees om alles te verhaal wat hy meegemaak het. Dit sou ook nie oorbaar wees nie. Sy doel was nie om hulle tekortkomings wêreldkundig te maak

nie. Op die gruweldade wat in Munster plaasgevind het, gaan hy dan ook nie in nie, net so min as op die Amsterdamse naaklopery waartoe sommige Wederdopers in die middel van die barre winter deur geestelike oorspanning en abnormaliteit oorgegaan het. Hy spaar die mense en hy waarsku alleen. Hy bely dit voor God en mens dat hy eers gemeen het om sy geestelike heil daar te soek.

Dan besluit hy hierdie aangrypende Bekentenisse deur te sê dat hy dit daarby sal laat en die oordeel oorlaat aan Hom wat behoort te oordeel. Hy sal nie veroordeel nie. Die wat vandag val, kan miskien môre weer opstaan, want daar is twaalf uur in die dag waarin 'n mens hom kan bekeer. En wie sal sê of daardie mense wat gedood is, nie in hulle laaste uur ingesien het dat hulle gedwaal het en berou gehad het nie. God gee sy genade en seën vroeg en laat. Die Heer roep die arbeiders nie almal tegelyk in een uur vir die arbeid in sy wyngaard nie. Hy vind hulle ook nie almal tegelyk ledig nie. Hy gaan dikwels na die mark en kry die een in die eerste uur en die ander op 'n ander uur, en Hy gee hulle dieselfde loon.

Obbe het in 1540 die Wederdopers verlaat. Hy was diep teleurgesteld, want „eene onbestraffelijcke gemeynte, die daar is sonder rumpel ende sonder vlecke" het hy nie daar gevind nie. In 1554 het Menno Simons hom 'n Demas genoem wat sy „afscheyt" ontvang het, d.w.s. iemand waaroor hulle die ban uitgespreek het en wat nie meer tot hulle gereken word solank as wat hy hom nie bekeer nie.[6]) Waarskynlik het hy toe vir die res van sy lewe buite alle kerkverband geleef. Hy het sy Bekentenisse op skrif gestel en na sy dood, wat in 1568 plaasgevind het, het iemand wat waarskynlik tot die Hervormde Kerk behoort het, dit in hande gekry en in 1584 laat druk.

Hierdie Bekentenisse is 'n belangrike bron vir die kennis van een van die geestesstrominge van vier honderd jaar gelede. Dit laat ons 'n blik werp in die sielelewe van iemand wat geworstel het om die ewige dinge.

S. P. ENGELBRECHT.